Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-08-16

Liewe Ouers

TOELATINGS 2025
Aansoek om toelating vir **gr. RR vir 2025** is steeds oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.

KLEIN LOCHIELAND GEMEENSKAPSPROJEK
Klein Lochieland neem saam met die Laerskool hierdie jaar aan ‘n gemeenskapsprojek deel. Daar is besluit om hierdie jaar die **Animal Welfare Society Helderberg** in Gordonsbaai te ondersteun. Gedurende die volgende vier weke gaan ons elke week ‘n ander artikel aanvra. Deur middel van hierdie projek leer ons ook ons leerders van gemeenskapsdiens. Ouers hoef slegs een van die artikels elke week skool toe te stuur of ‘n eenmalige skenking. Elke bietjie help!

Week 3: 26-30 Augustus
- Enige soort honde of kat bederfies, (“treats”) bv. *Beeno*

Week 4: 2-6 September
- Ou komberse, handdoeke, speelgoed, kosbakke

BAIE DANKIE VIR AL DIE SKENKINGS WAT ONS REEDS ONTVANG HET!

EKSTRA KLERE
Onthou asb. om ‘n ekstra stel **WARM** klere vir u kleuter in die tas te pak, vir ingeval u kind baie nat raak by die skool. Hulle moet ook met ‘n warm baadjie skool toe kom, asb!

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die week is:		**TYD**
Ons persepsies is:	Getal:	**Hersien getal 1 - 8**
	Klank:	**Hersien alle aangeleerde klanke**
Assessering:		**Herken getalsimbole: 1 - 8** **Herken getalname: een tot ag** **Probleemoplossing tot getal 8** **Klankherkenning en lettervorming: o, a, d, g, j, l, r, n, m, l, k, h, b, f, p, v, w, u, y**
Maandag	26 Augustus:	***Juffrou Annemarie (Eendjieklas) verjaar. Baie geluk!*** Spatverf maan en sterre
Dinsdag	27 Augustus:	Teken iets wat jy in die oggend, middag en aand doen
Woensdag	28 Augustus:	Ons maak ons eie muurhorlosie
Donderdag	29 Augustus:	Bou ‘n horlosie uit klei
Vrydag	30 Augustus:	Lekkertjiedag
Saterdag	31 Augustus:	***Juffrou Maritha verjaar. Baie geluk!***

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **Bome en plante**
Ons persepsies is:
Getal: **8**
Klank: **i**
Kleur: **Bruin**
Vorm: **Ruit**

Maandag	26 Augustus:	***Juffrou Annemarie (Eendjieklas) verjaar. Baie geluk!*** Ons verf ‘n blom
Dinsdag	27 Augustus:	Ons verf ‘n boom
Woensdag	28 Augustus:	Ons teken ‘n blomtuin
Donderdag	29 Augustus:	Ons teken onsself
Vrydag	30 Augustus:	Lekkertjiedag
Saterdag	31 Augustus:	***Juffrou Maritha verjaar. Baie geluk!***

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel

Vrees kan nie weggewens word nie, maar dit kan gekonfronteer word. Gebed en die Woord van God is ons twee kragtigste wapens!